

KAAPSE WYNLAND ONDERWYSDISTRIK

GRAAD 12 GEOGRAFIE OORLEWINGSGIDS

GEOGRAFIE VRAESTEL 2

NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIE VAN SUID-AFRIKA



SLAAG JOU GEOGRAFIE ...



LAG-LAG

Wat is 'n Nedersetting?
 'n Groep mense wat daaglik in 'n gebied met geboue, kommunikasie-netwerke en infrastruktuur woon.

NEDERSETTINGS

KONSEPTE

STANDPLAAS

Wat is dit?

LIGGING

Spesifieke stuk grond waarop die nedersetting gebou is.

Posisie van die nedersetting m.b.t. die omringende omgewing bv. riviere.

- Watervoorsiening, vrugbare grond, weiding
- Woude vir brandstof en boumateriaal
- Minerale
- Natuurlike hawe

- Bokant vloedlyn
- Warmer noordfrontende helling in SH
- Warmer middelhelling of termiese gordel
- Naby vervoerroetes (paaie) vir toeganklikheid

Waarom daar?

Wat is die tipes standplase?

Droëpunt

Standplaas is in 'n nat area, maar die nedersetting is bokant die vloedlyn gebou om oorstromings te vermy.

Natpunt

Standplaas is in 'n droë area waar die nedersetting naby die waterbron gebou word bv. Rondom 'n oase.


Verdediging

Standplaas is op hoë grond vir veiligheid en inwoners kan hul vyand van 'n afstand sien.



Watter faktore beïnvloed standplaas?




1.



3. LANDELIKE NEDERSETTINGSPATRONE

KERN NEDERSETTING	VERSPREIDE NEDERSETTING
	
<p>Plaasopstalle naby mekaar</p> <p>X – Grond wat aan een elenaar behoort</p>	<p>Plaasopstalle ver uitmekaar</p> <p>----- Plaasgrense</p> <p>• Plaasopstalle</p>
<ul style="list-style-type: none"> • LOS stukkie grond • VOORMAN bestuur landjies • GEEN onafhanklike BESLUIITE • Woon in DORPIE • Baie RONDREISERY • MEGANISASIE moeilik 	<ul style="list-style-type: none"> • GROOT ENKELE stuk grond • Bestuur SELF plaas • Onafhanklike BESLUIITE • Woon op PLAAS • Geen RONDREISERY • MEGANISASIE maklik

2. VERSKILLE IN GROOTTE VAN NEDERSETTINGS



BRON 1 – Jy moet kan:

- *Onderskei tussen landelike en stedelike nedersettings*




BRON 2: Jy moet kan

- *Identifiseer wat die verskillende nedersettings is volgens grootte*
- *Definieer wat die verskillende nedersettings is volgens grootte*


BRON 3 – Jy moet kan:

- *Identifiseer die patroon + redes Gee*
- *Beskryf watter faktore beïnvloed die tipe patroon*
- *Voordele en Nadele van Kern en Verspreide nedersettingspatrone Gee*

1. NEDERSETTINGSVORME

ROND	KRUISPAD	LINIER
		
Rondom sentrale punt	Waar paaie kruis	Langs 'n pad of 'n rivier

2. LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIE (1)



3. LANDELIKE NEDERSETTINGSKWESSIE (2)

Ongeregtigheid: Enige optrede wat onbillikheid teenoor iemand anders, of skending van iemand se reg insluit.

G R O N D H E R V O R M I N G

Definisie: Ongeregtighede aangespreek waar mense gedwing is om hul grond te verlaat.

GRONDRESTITUSIE

Grond aan oorspronklike eienaars teruggegee

GRONDHERVERDELING

Regering maak grond aan voorheen benadeelde mense beskikbaar.

GRONDBESITHERVORMING

Om die regte van mense te verseker wat op grond woon wat deur ander besit word..

UITDAGINGS

- Vrywillige verkoper/ koperklousule
- Duur proses
- Lang proses
- Boerdery steeds bestaans
- Geen ekonomiese groei
- Dispute i.v.m. eise boerdery
- Geen kennis van Nuwe eienaars nie goed opgelei nie

BRON 1 – Jy moet kan:

- Identifiseer die vorm + redes Gee
- Beskryf watter faktore beïnvloed die vorm

BRON 2 – Jy moet kan:

- Definieer landelik-stedelike migrasie
- Bespreek die oorsake van landelik-stedelike migrasie (Stoot/Trek faktore)
- Bespreek die gevolge van landelik-stedelike migrasie.
- Voorstel strategieë om mense in landelike gebiede te laat aanbly

BRON 3 – Jy moet kan:

- Definieer wat ongeregtigheid is
- Definieer wat die 3 grondhervormingsbeleide is
- Beskryf wat die uitdagings t.o.v. grondhervorming in Suid-Afrika is

TIPES STEDELIKE NEDERSETTINGS

1. SENTRALE PLEK

Dorpe wat omliggende landelike gebiede voorsien van goedere en dienste.

Lae-orde funksies en dienste

- Benodig dikwels (brood, melk, dokter)
- Kleiner drempelbevolking.
- Groot aantal winkels/dienste

Hoë-orde funksies en dienste

- Benodig nie altyd nie (spa)
- Groot drempelbevolking
- Minder winkels/dienste

2. HANDEL EN VERVOER

Gevestig deur vervoerroetes

Vragbrekingspunte

- Vervoer verander
- Van seevervoer na padvervoer
- Bv: Kaapstad



Aansluitingsdorpe

- Krusing van twee of meer hoof verkeerroetes.
- Bv: De Aar



Poort-/deurgangsdorpe

- Ingangspunt by 'n fisiese versperring (bergpasse)
- Bv: Worcester



3. GESPECIALISEERDE STEDE

Ontwikkel a.g.v. een hoof funksie in die gebied

Mynbou

Bv: Welkom



Opvoedkunde

Bv: Stellenbosch



Nywerheid

Bv: Secunda




Ontspanning

Bv: Margate



Pendelaar

Bv: Soweto



4.

BESTUDEER BRON 4 en VOLTOOI DIE TABEL

	Tipe Nedersetting	Rede/Funksie
A		
B		
C		
D		
E		
F		




Jy moet kan:


- Identifiseer watter tipe stedelike nedersetting dit is op diagramme en kaarte
- Redes GEE vir jou antwoorde
- Onderskei tussen lae-orde en hoë-orde goedere/funksies

Jy moet hierdie konsepte wat verband hou met Sentrale plekke kan Definieer

1. **INVLOEDSFEER**: die gebied waarvandaan 'n besigheid klante trek
2. **DREMPELBEVOLKING**: die minimum aantal mense benodig om 'n besigheid te onderhou
3. **REIKWYDTE**: die maksimum afstand wat 'n verbruiker bereid sou wees om te reis om iets by 'n sentraleplek te koop



Jy moet elk van die konsepte kan **DEFINIEER** en **TOEPAS**.









GRONDGEBRUIKSONES:

Gebied in 'n stedelike grondgebied met 'n spesifieke doel of funksie

Beskrywing	Foto	Beskrywing	Foto	Beskrywing	Foto
<p>Sentrale Sakekern (SSK)</p> <ul style="list-style-type: none"> In die stadkern Hoogste grondwaardes Mees toeganklikste Hoogste gebouedigtheid Hoogste geboue 	 <p>(i)</p>	<p>Swaar nywerheid</p> <ul style="list-style-type: none"> Aangetref in die buitewyke van die stad waar grond die goedkoopste is Naby hoof pad- en spoornetwerke vir vervoer van roumateriale en vervaardigde produkte Lae-inkomste behuising is dikwels naby geleë Baie lug- en geraasbesoedeling Moet op gelyk grond naby 'n waterbron geleë wees 	 <p>(vi)</p>	<p>Groen gordel/ontspanning</p> <ul style="list-style-type: none"> Geen geboue in die gebied nie Word gebruik as openbare tuine, parke en sportvelde Daar is baie bome en grasperke Dra by tot skoon lug in stedelike gebiede Kalmeer die verkeer en verlaag geraasvlakke 	 <p>(xi)</p>
<p>Oorgangsones</p> <ul style="list-style-type: none"> Sone van gemengde en veranderende grondgebruik, bv. woongebiede word kommersieel Dikwels 'n vervalsone Eienaars onderhou nie die gebied of geboue nie Werkersklas inwoners woon hier in hoë-digtheid woonstelle of klein huise <p>Ook bekend as Vervalsone</p>	 <p>(iii)</p>	<p>Middel- tot hoë-inkomste woongebied/vooraanstaande woongebied</p> <ul style="list-style-type: none"> Aangetref weg van die SSK Het dikwels 'n goeie uitsig Meenthuse en groot huise Groter eiendomme omdat meer ruimte beskikbaar is Goeie dienste en fasiliteite, ontspanningsareas ingesluit 	 <p>(vii)</p>	<p>Stadsrandgebied</p> <ul style="list-style-type: none"> Gemengde grondgebruik met stedelike en landelike funksies Stedelike funksies, soos stortterreine, lughawens, begraafplase en golfbane Grondgebruik begin verander van landelik na stedelik namate die stad uitbrei Groot eiendomme omdat grond hier dikwels goedkoper is Minder ontwikkelde areas Kleinhoues en plasies 	 <p>(xiii)</p>
<p>Ligte nywerheidsone</p> <ul style="list-style-type: none"> Dikwels naby die SSK of in beplande industriële komplekse (gebiede waar die owerheid beplan om krag en vervoer aan fabriek te voorsien) Aangetref naby padvervoer omdat roumateriaal dikwels makliker op dié manier vervoer word Min geraas en lugbesoedeling word deur hierdie nywerhede veroorsaak 	 <p>(iv)</p>	<p>Lae-inkomste woongebiede/werkersklas woongebiede</p> <ul style="list-style-type: none"> Geboue baie naby mekaar Naby die besigheidgebied Minder fasiliteite en swak dienste Klein blokke Geboue lyk eenders 	 <p>(ix)</p>	<p>Informele nedersettings</p> <ul style="list-style-type: none"> Aangetref aan die stadsrandgebied Geen dienstevoorsiening (geen paaie, sanitasie, water, elektrisiteit of skole nie) Hoë vlakke van armoede Hoë misdaadkoers Huise word met plastiek, hout, sinkplaat, ens. opgerig Ongesonde omstandighede Baie digte behuising met onbeplande straatpatrone 	 <p>(x)</p>


STRAATPATRONE

	PLANAANSIG	Ruit of Reghoekig	Radiaal	Onreëlmatig
	SATELLIET			
	TOPO KAART			
HOE LYK DIT?	Paaie kruis reghoekig Ou patroon	Paaie straal uitwaarts vanaf 'n sentrale punt soos 'n spinnekopweb	<ul style="list-style-type: none"> • Geen struktuur • Kan beplan of onbeplan wees 	
VOORDELE	<ul style="list-style-type: none"> • Maklik om te vestig • Grond word maklik verdeel • Maklik om plekke te kry 	<ul style="list-style-type: none"> • Makliker verkeersvloei. • Alle paaie kom by sentrale punt ui. 	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter verkeersvloei • Minder kruisings • Aangepas by die landskap/topografie 	
NADELE	<ul style="list-style-type: none"> • Stadige verkeervloei • Eentonig • Ongelukke 	<ul style="list-style-type: none"> • Verkeersknope • Stadige verkeersvloei • Vermorsing van ruimte 	<ul style="list-style-type: none"> • Moeilik om te beplan • Maklik verlore raak • Moeilik om uit te brei. 	

WENK: 

Jy moet kan:

- *Definieer wat elke straatpatroon is*
- *Identifiseer watter straatpatroon dit is op diagramme, fotos en kaarte*
- *Beskrif wat die voordele van al 3 straatpatrone is*
- *Beskrif wat die nadele van al 3 straatpatrone is*



1. Trek 'n lyngrafiek op die profiel geïllustreer in Figuur 3.3.3A om aan te toon hoe grondwaarde verander hoe nader jy aan die SSK gaan. (1 × 2 = 2)
2. Hoe verander geboudigtheid hoe nader jy aan die stadkern gaan? (1 × 2 = 2)
3. Verduidelik jou antwoord op vraag 2. (2 × 2 = 4)
4. Hoekom sal 'n kantoorkompleks weg van die Sentrale Sakekern ontwikkel word? (2 × 2 = 4)

Stadsprofile - Jy moet kan:


- Definieer wat 'n stedelike profiel is
- Beskryf hoe geboue se hoogte verander soos jy weg van die SSK beweeg
- Verduidelik waarom die hoogte en digtheid van die profiel verander

NB: Die volgende is belangrik wanneer jy die stedelike profiel bestudeer:

- Hoogte van geboue
- Digtheid van geboue
- Grondwaarde

Die syaansig van die stadsgebied wat verskille in hoogte van geboue toon

GEBOU RAAK LAER




AFSTAND VAN DIE SSK

- Duurder grond
- Kompetisie
- Intensief bebou
- Vertikale geboue

Goedkoper grond
Horisontale geboue

Antwoorde: aktiwiteit



Figuur 3.3.3C

1. Die geboudigtheid neem toe. ✓✓ (2)
3. Die grond is baie duur in die SSK, daarom word baie geboue digter teen mekaar gebou op kleiner lappies grond. ✓✓ (4)
4. Grondwaarde is laer ✓✓ / Minder verkeersdrukte ✓✓ / Nader aan klante ✓✓ / Minder geraas ✓✓ / Meer parkeerruimte ✓✓ (enige 2) (4)

[12]

STEDELIKE KWESSIES (1-3)

	VERKEERSOPEENHOPIING (te veel voertuie vertraag verkeer)	STEDELIKE VERVAL (agteruitgang van dele van die stadsgebied)	SENTRALISASIE (oorkonsentrasie van mense en besighede in 'n stad)
OORSAKE	<ul style="list-style-type: none"> • Te veel mense gebruik hul eie motors • Nie genoeg openbare vervoer • Ou straatpatroon 	<ul style="list-style-type: none"> • Oorbevolking in die stad • Leë geboue 	<ul style="list-style-type: none"> • Groot aanvraag vir eiendom • Te veel stadbewoners
EFFEKTE	<ul style="list-style-type: none"> • Lugbesoedeling • Meer ongelukke • Stres, gesondheidsprobleme • Padwoede 	<ul style="list-style-type: none"> • Krotbuurttoestande • Dienste verval • Toename in besoedeling • Area vervuil 	<ul style="list-style-type: none"> • Toename in besoedeling • Gesondheidsprobleme • Omgewing word vernietig • Te veel vullis produseer
OPLOSSINGS	<ul style="list-style-type: none"> • Verbeter openbare vervoer • Saamry-klubs • Desentralisasie van besighede • Sinkroniseer verkeersligte 	<ul style="list-style-type: none"> • Opknapping • Opheffingsprogramme • Verminder behuisingsdigtheid • Verbeter dienste 	<ul style="list-style-type: none"> • Desentralisasie van funksies • Groengordels • Beter bestuur en monitering van besoedeling

WENK:



Jy moet kan:

- Definieer wat elk van die stedelike kwessies 1 tot 3 is
- Meld wat die oorsake is van elke kwessie
- Beskryf wat die effekte (impak) is van elke kwessie
- Voorstel watter strategieë ingespan kan word om elke kwessie te beheer en bestuur (oplossings)

STEDELIKE KWESSIE 4 INFORMELE NEDERSETTINGS



Informele Nedersettings

Wat is dit? Soms onwettige nedersettings van afval materiaal maak.

Waar is dit? Op die rand van stede. Kan 30 km vanaf SSK wees.


Probleme

- Tekort aan infrastruktuur
- Geen ordentlike sanitasie, skoon water, elektrisiteit, vuilisverwydering.
- Gebrek aan ontspanningsgeriewe.
- Brande
- Hoë bevolkingsdigtheid

Jy moet kan:

- Definieer wat 'n informele nedersetting is
- Identifiseer wat 'n informele nedersetting is
- Meld wat die kwessies (probleme) is wat met informele nedersettings verband hou
- Voorstel watter strategieë ingespan kan word om informele nedersettings te beheer en bestuur (oplossings)

KWESSIE 5 ONGEREGTIGHEDE



Jy moet kan:

- Definieer wat ongeregtigheid en die 3 tipes is
- Identifiseer elke tipe ongeregtigheid op diagramme en kaarte

EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

STRUKTUUR VAN DIE EKONOMIE VAN SUID-AFRIKA

Wat is dit?

Wat is die impak? Wat is die uitdagings?



PRIMÊRE AKTIWITEITE
Onttrekking en ontginning van grondstowwe



SEKONDÊRE AKTIWITEITE
Prosessering en verwerking van primêre material.



TERSIÊRE AKTIWITEITE
Verskaf dienste aan die verbruiker.



KWATERNÊRE AKTIWITEITE
Hoë vlak van vaardigheid, bv navorsing, inligting

Bruto Binnelandse Produk (BBP): Die totale waarde van goedere en dienste wat binne een jaar binne die grense van Suid-Afrika geproduseer word.

Bruto Nasionale Produk (BNP): Die totale waarde van goedere en dienste wat deur die permanente burgers van 'n land in een jaar geproduseer word.

Die belangrikste sektore wat bydra tot die BBP is vervaardiging, groothandel kleinhandel, finansiële dienste, vervoer, mynbou, landbou en toerisme.

TRADISIONEEL


- Ekonomie in primêre sektore gewortel.
- Baie minerale.
- Gunstige landbou omstandighede.

VROEG 1990s

- Ekonomie deur tersiêre sektor gedryf.
- Fokus op groothandel, toerisme en kommunikasie.

HUIDIGLIK

- Kennis-gebaseerde ekonomie.
- Groter fokus op tegnologie, finansiële dienste, e-handel.



EKONOMIESE UITDAGINGS VAN SA


- Armoede.
- HIV en VIGS.
- Tekort aan vaardighede.
- Werkloosheid wat misdaad verhoog.
- 'n Energiekrisis.

WENK: ?



Jy moet kan:

- Definieer die begrippe primêre sekondêre tersiêre en kwaternêre sektore
- Noem voorbeelde van ekonomiese aktiwiteite in elke sektor bv. primêre - boerdery
- Identifiseer elk van die ekonomiese sektore vanaf grafieke, tabelle en kaarte
- Lees vanaf grafieke wat die bydrae van elke sektor tot die BBP is
- Definieer die begrippe BBP en BNP



- Jy moet kan:**
- Meld/Noem wat die rol van landbou is (bron 1)
 - Beskryf watter faktore landbou bevoordeel / begunstig (bron 2)
 - Beskryf watter faktore landbou benadeel / strem (bron 3)
 - Onderskei tussen kleinskaalse- en grootskaalse boere (bron 4)
 - Definieer (definisies) die begrip voedselsekuriteit (bron 5)
 - Beskryf watter nadelige faktore lei tot voedselonsekerheid (bron 5)
 - Voorstel strategieë (maatreëls) wat ingespan kan word om voedselsekuriteit te verseker / verbeter (bron 5)

2. GEBRUIKE VAN SUIKERRIET

Produksie van suiker vir huishoudelike gebruik en vir sekondêre nywerhede (konfyt, koeldrank, lekkers ens.)

Bagasse as byproduk: 'n veselagtige materiaal wat oorbly nadat die stroop uit die suikerriet onttrek is. **Gebruik:** diervoer, maak van papier, brandstof vir energie.


Swartstroop as byproduk: 'n dik, donker stroop verkry uit ru-suiker tydens die raffineringsproses. Ryk aan vitamieë en minerale.

Gebruik: veevoer, maak van brouersgis en alkoholiese drankies.

3. GUNSTIGE FAKTORE

- Baie warm en nat klimaat (tropies)
- Voldoende jaarlikse reënval: 1000 - 1500mm
- Vruggbare alluviale grond
- Temperatuurspeling van 20 tot 35 °C
- Warm, sonnige, rypvrye weerareas
- Goedgedreineerde sanderige leemgrond

SUIKERRIETBOEDERY IN SUID-AFRIKA



4. ONGUNSTIGE FAKTORE

- Afname in suikerrietpryse
- Hoër produksiekoste (bemestingstowwe, elektrisiteit en brandstofkoste)
- Natuurrampe – droogte
- Verskeidenheid siektes en peste lei tot afname in produksie
- Afname in verbruik as gevolg van suikerbelasting en hoër pryse
- Afname in wins vir die produseerder

5. SUIKERINDUSTRIE: BYDRAE TOT DIE EKONOMIE

- Dra R6 miljard by tot die BBP
- Suikerriet (grondstof) stimuleer die groei van suikermeulens en raffinerings-nywerhede
- Suiker ondersteun groei van koeldrank- en soetgoed nywerhede
- Voorsien werksgeleenthede (1 miljoen) in landelike gebiede en nywerhede
- Voorsien byprodukte aan ander nywerhede (*bagasse, **swartstroop)
- Suikernywerhede voorsien bagasse om elektrisiteit op te wek wat na suikermeulens teruggevoer word.
- Uitvoere (50%) verdien buitelandse valuta van R2 miljard p.j.
- Ontwikkeling en verbetering van infrastruktuur

WENK:



Jy moet kan:

- Identifiseer waar suikerriet verbou word bv. KZN en Mpumalanga (bron 1)
- Meld/Noem waarvoor suikerriet gebruik word (bron 2)
- Beskryf watter faktore suikerrietboerdery bevoordeel / begunstig (bron 3)
- Beskryf watter faktore suikerrietboerdery benadeel / strem (bron 4)
- Meld/Noem watter rol suikerrietboerdery speel (bron 5)

1.

BYDRAE VAN MYNBOU

- Dra 9,5% by tot die BBP
- Voorsien arbeid
- Hawens uitgebrei (Richardsbaai en Saldanhabaai)
- Myne verskaf grondstof aan nywerhede
- Ongeveer 50% van SA se buitelandse valuta word deur mynbou verdien.
- Stimuleer ander sektore van die ekonomie (landbou, handel ens.)
- Nuwe dorpe en infrastruktuur ontwikkel rondom myne.

2.

BETEKENIS VAN MYNBOU

- Ontdekking van diamante en goud het infrastruktuur van SA ontwikkel
- Hoof dryfveer agter ontwikkeling van SA.
- Mynbou verantwoordelik vir die daarstelling van universiteite en opvoedkundige inrigtings.
- Verskeidenheid van minerale (Sien tabel)
- Mynbou het groot beleggings na SA gelok.
- Immigrante na SA gelok

3.

FAKTORE WAT MYNBOU BEGUNSTIG

- SA het wye reeks minerale
- Groot mineraalreserwes
- Baie ongeskoolde arbeid
- Bevoordeel deur buitelandse geskoolde mynwerkers
- Baie lande het geld in ons myne belê
- Goed-ontwikkelde infrastruktuur
- Lae produksiekoste want minerale naby oppervlakte geleë
- Hoë kwaliteit van minerale
- Groot steenkoolreserwes gebruik om elektrisiteit op te wek

4. FAKTORE WAT MYNBOU BENADEEL

- Hoë temperatuur ondergronds
- Hoë koste om mynwerkers op te lei
- Stakings deur mynwerkers
- Groot afstande tussen myne en hawens
- Watertekorte
- Mynbou is 'n gevaarlik aktiwiteit
- Pryse van minerale wissel
- Protesaksies
- Gebruik baie water
- Minerale is nie-hernieubaar
- Ongelukke in myne

5.



MINERALE WAT IN SUID-AFRIKA ONTGIN WORD

Mineraal	Wêreldproduksie Rang	% van wêreldreserwes
Platinum	1	79%
Mangaan	1	78%
Chroom	1	76%
Diamante	2	24%
Goud	5	12,7%
Steenkool	7	7,4%
Ystererts	6	0,8%

WENK:**Jy moet kan:**

- Meld/Noem wat die ekonomiese rol (bydrae) van mynbou is (bron 1)
- Meld/Noem wat mynbou vir Suid-Afrika se ontwikkeling beteken het (bron 2)
- Beskryf watter faktore mynbou bevoordeel / begunstig (bron 3)
- Beskryf watter faktore landbou benadeel / strem (bron 4)
- Identifiseer wat Suid-Afrika se vernaamste minerale is (bron 5)
- Meld/Noem hoe mynbou tot omgewingsongeregtigheid bydrae (sien omgewingsongeregtigheid onder stedelike nedersettings)

GOUDMYNBOU IN SUID-AFRIKA



Die goudproduksie tendens is dalend tot 2020 daarna stabiliseer dit.

3. FAKTORE WAT GOUDMYNE IN SUID AFRIKA BEVOORDEEL

- Grondstowwe** (groot reserwes van goud)
- Arbeid** (geskoold en ongeskoold)
- Krag** (elektrisiteit van steenkool)
- Markte** (plaaslik en internasionaal)
- Infrastruktuur** (pad, spoorlyn, hawens)

5. Bydrae van goudmyne vir SA ekonomie

Bron van **buitelandse inkomste** deur **uitvoere**.

Voorsien **werksgeleenthede** vir ongeveer 500 000 mense.

Voorsien **grondstowwe** aan die vervaardigingsektor.

Myne betaal **belasting** aan die regering wat help om die land te ontwikkel.

Baie **stede** het in die mynbougebiede ontwikkel.

Inkomste uit mynbou het die **ontwikkeling van infrastruktuur** in S A befonds (paaie, spoorweë, hawens).

4. FAKTORE WAT GOUDMYNE IN SUID AFRIKA STREM

- Afstand vanaf kus (verhoog vervoerkoste van uit- en invoere bv. minerale en masjienerie)
- Koste van skagmynbou (diep ondergronds grawe)
- Wisselende markpryse
- Water (koste en skaarste)
- Elektrisiteitsvoorsiening (koste en tekorte)
- Besoedeling (water; lug [stof]; visueel [mynhope])
- Hoë temperature maak mynbou ongemaklik – diep ondergronds)

WENK:



Jy moet kan:


- Identifiseer waar goudmynbou in SA plaasvind (bron 1)
- Bepaal & Beskryf wat die tendens is van goudproduksie vanaf 'n grafiek (bron 2)
- Beskryf watter faktore goudmynbou bevoordeel / begunstig (bron 3)
- Beskryf watter faktore goudmynbou benadeel / strem (bron 4)
- Meld/Noem watter rol (bydrae) goudmynbou speel (bron 5)

DIE SEKONDÊRE SEKTOR

1. Tipes NYWERHEDE

Type (Wat is dit?)	Kenmerke (Hoe lyk dit?)	Voorbeelde
Ligte nywerhede	<ul style="list-style-type: none"> Ligte grondstowwe Ligte masjinerie Min lugbesoedeling en geraas 	Elektriese goedere, klerasie, voedselverwerking.
Swaar nywerhede	<ul style="list-style-type: none"> Groot hoeveelhede grondstof Swaar masjinerie Baie lugbesoedeling en geraas 	Staal, olieraffinadery, skeepsbou
Grondstof georiënteerd	Naby grondstof geleë	Yster- en staalnywerhede
Markgeoriënteerd	Naby verbruiker geleë	Kaasverwerking
Ongebonde nywerheid	Ligging word nie deur die toegang tot 'n mark of grondstof bepaal nie.	Sagteware en navorsingsmaatskappye
Alomteenwoordige	Kan enige plek geleë wees	Selfoonmaatskappye
Brugnywerhede	Tussen die grondstof en die mark geleë.	Olieraffinadery


2. BYDRAE VAN DIE SEKONDÊRE SEKTOR TOT DIE EKONOMIE VAN SA




4. FAKTORE WAT DIE LIGGING VAN 'n NYWERHEID BEÏNVLOED. Why is it there?

- Grondstof:** Hoe naby die grondstof aan die nywerheid is
- Markte:** Verbruikers om die produk te koop. Plaaslik en internasionaal.
- Water:** Benodig vir verwerking van grondstof en vir afkoel van masjiene.
- Vervoer:** Tussen die nywerheid, grondstof en mark.
- Krag:** 'n Betroubare bron van elektriese krag.
- Arbeid:** Geskool en ongeskool moet in die gebied woon.
- Regeringsbeleid:** Subsidies of belastingaanspings om nywerhede in sekere gebiede te lokaliseer.

4. Faktore wat ligging van nywerhede bepaal



7. Skryf die faktore in die blokkies neer wat die ligging van nywerhede op die kaart beïnvloed het.



6. FAKTORE WAT INDUSTRIËLE ONTWIKKELING IN SA BENADEEL

- Groot afstande tussen SA en buitelandse markte verhoog vervoerkoste.
- Tekort aan geskoolde arbeid.
- Stakings
- Water- en elektrisiteit tekort.
- Lugbesoedeling.

5. FAKTORE WAT INDUSTRIËLE ONTWIKKELING IN SA BEVOORDEEL

- Groot verskeidenheid grondstowwe.
- Goed-ontwikkelde infrastruktuur.
- Goedkoop, gelyk grond beskikbaar.
- Groot geskoolde- en ongeskoolde arbeidsmag.
- Toegang tot plaaslike en internasionale mark. Hawens vir uitvoere.

WENK:




Jy moet kan:

- Definieer die begrip sekondêre sektor
- Definieer die tipes nywerhede bv, ligte nywerhede (bron 1)
- Bepaal en Beskryf vanaf grafieke wat die bydrae van die sektor is tot die BBP (bron 2)
- Meld/Noem wat die rol/bydrae/belangrikheid van nywerheidsontwikkeling is (bron 3)
- Meld/Noem die faktore wat ligging van nywerhede bepaal (bron 4)
- Beskryf watter faktore nywerheidsontwikkeling bevoordeel (bron 5)
- Beskryf watter faktore nywerheidsontwikkeling benadeel / strem (bron 6)
- Identifiseer watter faktore begunstig die ligging van nywerhede op topografiese kaarte (bron 7)

NYWERHEIDSTREKE VAN SUID-AFRIKA

PWV en Durban-Pinetown
sal eksamineer word



SUIDWES KAAP
Moet ligging ken

**PORT ELIZABETH-
UITENHAGE**
Moet ligging ken

PWV (GAUTENG)

Tipes nywerhede:

Chemikalieë, Yster en staal, Motorfabrieke, Masjinerie

Faktore wat ligging begunstig/bevoordeel:

- *Groot Markte*
- *Netwerk van paaie en spoorlyne*
- *Volop arbeid*
- *Verskeidenheid grondstowwe*
- *Genoeg water bv. Vaaldam*
- *Goedkoop elektrisiteit*

Faktore wat ligging strem/beperk/benadeel:

- *Watertekorte*
- *Besoedeling. Lug- & water besoedeling (sure) van myne*
- *Vatbaar – meer as 50% van SA nywerhede hier*
- *Opeenhopings en druk op hulpbronne*

DURBAN-PINETOWN (Ethekwini)

Tipes nywerhede:

Chemikalieë, Voedselverwerking, Suiker – en Olie raffinaderye, motors

Faktore wat ligging begunstig/bevoordeel:

- *Toegang tot verskepingshawe– Durban hawe*
- *Groot markte*
- *Goedontwikkelde vervoerroetes*
- *Volop geskoolde en ongeskoolde arbeid*
- *Goeie watervoorsiening*

Faktore wat ligging strem/beperk/benadeel:

- *Min gelyke grond om nog groot nywerhede te bou*
- *Besoedeling*
- *Warm, vogtige klimaat skep ongunstige werkstoestande*
- *Ontwikkeling van Durban hawe is beperk*

WENK:



Jy moet kan:

- Identifiseer op kaarte waar die 4 nywerheidstreke geleë is
- Noem die tipe nywerhede in Gauteng en Durban-Pinetown
- Beskryf watter faktore nywerheidsontwikkeling in albei streke begunstig/bevoordeel
- Beskryf watter faktore nywerheidsontwikkeling in albei streke benadeel /strem/beperk

DUBE HANDELSHAWE NOS

2. *Wat is 'n NOS?*

'n NOS is 'n industriële gebied wat aan 'n see of lughawe gekoppel word

3. *Wat is die Dube Handelshawe NOS?*

Dube handelshawe is die enigste fasiliteit in Afrika wat 'n internasionale lughawe, vragterminaal, pakhuis, kantore, kleinhandel, hotelle en landbou kombineer.

Dube Handelshawe kan ook beskou word as 'n Spesiale Ekonomiese Sone (SES), geografiese aangewysde areas van 'n land om spesifieke ekonomiese aktiwiteite te teiken

4. *Die 5 sones van Dube Handelshawe NOS:*

- Dubestad – Besigheid en gasvryheid
- Dubehandelsone – Industrieel
- Dube agrisone – Landbou
- Dube vragterminaal – Vraghantering
- Dube iconnect - Telekommunikasie

5. *Doelwitte van die Dube Handelshawe*

- Vervaardiging van waarde-toegevoegde produkte
- Verhoog waarde-toegevoegde produksie
- Platform vir nuwe industrieë
- Uitvoer-georiënteerde vervaardigings industrieë
- Moet buitelandse beleggings lok
- Om infrastruktuur te ontwikkel op te gradeer
- Verskaf werksgeleenthede

1. *Waar is die Dube Handelshawe geleë?*



Dit is by die King Shaka Internasionale Lughawe geleë, ongeveer 30 km vanaf Durbanhawe en 90 km vanaf Richardsbaai-hawe in KZN.

6. *Voordele van ligging*

- Kusligging met twee hawens
- King Shaka Internasionale lughawe
- Toegang tot globale bestemmings
- Uiters doeltreffende infrastruktuur
- Voorsien ondersteunende dienste
- Belangrike vragkorridor tussen Gauteng en die hawens van Durban en Richardsbaai
- 50-jaar meesterplan

7. *EKONOMIESE EN SOSIALE IMPAK VAN 'N NOS*

Wat is die ekonomiese impak van 'n NOS?

- Verdienstepotensiaal verhoog
- Toegang tot hulpbronne van hierdie gebiede
- Bevorder die ontwikkeling van nuwe en bestaande infrastruktuur
- Toegang tot verskillende markte en help met ekonomiese opheffing
- Bevorder plaaslike en internasionale handel
- Doeltreffende vervoernetwerke vervoer grondstowwe en vervaardigde produkte
- Werksgeleenthede
- Buitelandse belegging – Vervaardiging
- Bevorder invoer en uitvoer

Wat is die sosiale impak van 'n NOS?

- Skep werk
- Verdienstepotensiaal verhoog
- Koopkrag van plaaslike bevolking verhoog
- Ontwikkel vaardighede
- Infrastruktuur ontwikkel
- Verbetering van dienste en fasiliteite
- Meer beleggings/groter inkomste vir gebied
- Verbeter lewenskwaliteit van inwoners
- Armoede verlig

WENK:



Jy moet kan:

- Identifiseer waar die Dube handelshawe geleë is (bron 1)
- Definieer wat 'n NOS is (bron 2)
- Meld/Noem waaruit die NOS bestaan bv. Lughawe (bron 3)
- Noem wat die belangrikste ontwikkelings van die NOS is (bron 4)
- Noem waarom (doelwitte) die NOS ontwikkel is (bron 5)
- Beskryf wat die voordele van die ligging is (bron 6)
- Beskryf die ekonomiese en sosiale impak (voordele) van die NOS (bron 7)

RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSINISIA TIEF (ROI) – MAPUTO ONTWIKKELINGSKORRIDOR

WENK:



Jy moet kan:

- Identifiseer waar die Maputo korridor geleë is (bron 1)
- Definieer wat 'n ROI is (bron 2)
- Noem waarom (doelwitte) die ROI ontwikkel is (bron 3)
- Beskryf wat die voordele is (bron 4)
- Noem wat die belangrikste ontwikkelings van die ROI is (bron 5)
- Beskryf watter faktore die ontwikkeling van die ROI begunstig/bevorder (bron 6)
- Beskryf watter faktore die ontwikkeling van die ROI benadeel/strem/beperk (bron 7)
- Beskryf die ekonomiese en sosiale impak (voordele) van die ROI (bron 8)

2. WAT IS 'n ROI?

Vervoer – & kommunikasie skakels tussen vername nywerheidstreke, metropolitaanse gebiede en hawens.

3. DOELWITTE VAN MAPUTO ROI

- Ontwikkeling en verbetering van bestaande vervoerroetes.
- Vervoer van grondstowwe en verwerkte produkte per pad en spoor.
- Lok infrastruktuur en besigheidbeleggings na arm gebiede.
- Stimuleer ekonomiese aktiwiteite langs vervoerkorridors en bevorder handel.
- Bevorder toegang tot markte.
- Skep werksgeleenthede.

4. VOORDELE VAN MAPUTO KORRIDOR


- Verbind Gauteng se hoogs industriële- en ekonomiese kern met die naaste diepsee hawe in Maputo, Mosambiek.
- Verbind Limpopo provinsie (produsent van vrugte & uitvoerder van minerale) met die naaste diepsee hawe.
- Dit gaan deur Mpumalanga waar die grootste deel van Suid-Afrika se elektrisiteit opgewek, en steenkool uitgevoer word.
- Bied toegang tot nasionale en internasionale toerisme bestemmings.

5. VERNAME EKONOMIESE ONTWIKKELINGS


- Die opgradering en ontwikkeling van:
- die N4 snelweg & Maputo hawe
 - grenspos in Mosambiek
 - die spoorlyn tussen Johannesburg en Maputo
 - 'n gaspylyn tussen Sasolburg en Maputo
 - staalvervaardiging in Middelburg
 - voertuigvervaardiging in Pretoria

WAAR IS DIE MAPUTO VERVOERKORRIDOR?

Ongeveer 630km vervoerroete vanaf Johannesburg in Gauteng tot by die hawe van Maputo in Mosambiek aan die Indiese Oseaan.



- Dit bestaan uit pad-, spoor-, grenspos, hawe- en terminaal fasiliteite



2. Die Maputo Korridor

6. FAKTORE WAT ONTWIKKELING BEVORDER

- N4 korridor maak die gebied toeganklik.
- Toeriste attraksies lok beleggers/besoekers.
- Maputo hawe hanteer 6,5miljoen vrag.
- Steenkool en kragstasies vir energiebronne.
- Die verwerking van suikerriet
- Opgradering van die suikerterminaal by die Maputo hawe

7. FAKTORE WAT ONTWIKKELING STREM

- ❖ Hoë instandhoudingskoste van die N4 snelweg.
- ❖ Onderhoudskoste van die grenspos en vertraging by die grenspos.
- ❖ Hoë tariewe vir gebruik van pad, spoor, hawe, en skeepsrederye.

8. IMPAK VAN DIE MAPUTO-ONTWIKKELINGSKORRIDOR

Ekonomiese Impak/Voordele:

- Werksgeleenthede vir plaaslike gemeenskappe.
- Verdienste (inkomste) neem toe.
- Koopkrag neem toe.
- Vervoer netwerke verbeter toegang tot handel.
- Lok informele/formele ekonomiese bedrywe.
- Verbeter plaaslike infrastruktuur.

Sosiale Impak/Voordele:


- Lewensgehalte (welsyn) verbeter.
- Meer en beter dienste.
- Toegang tot dienste en geriewe verbeter.
- Geld/Opbrengste word aangewend om gemeenskapsprojekte te ontwikkel.
- Entrepreneurs word geskep.

DIE TERSIËRE SEKTOR

Wat is die tersiëre sektor?

Die tersiëre sektor voorsien dienste aan mense

Bydrae van die tersiëre sektor tot die ekonomie van Suid-Afrika



Wat is die bydrae van die tersiëre sektor tot die ekonomie van Suid-Afrika?

- Verskaf werk
- Dra by tot die BBP. Sien grafiek
- Hoër inkomste wat in die tersiëre sektor verdien word lei tot hoër lewenstandaard
- Kennis word gebruik om ander sektore te verbeter
- Prokureers, ingenieurs, dokters ens verskaf werk
- Ontwikkeling in landbou en nywerhede het ontwikkeling in dienste tot gevolg.

Wat is die rol van vervoer in die ekonomie van Suid-Afrika?

- Verskaf toegang tot verskeidenheid gebiede
- Open toegang tot nuwe markte
- Verhoog binnelandse- en internasionale handel
- Ontwikkel minder ontwikkelde gebiede in die platteland
- Verminder kostes in baie ekonomiese sektore
- Verbeterde besigheids doeltreffendheid

INTERNASIONALE HANDEL

Wat is internasionale handel? Wat is invoere? Wat is uitvoere?

Internasionale handel: Die ruil van goedere en dienste tussen lande

Invoere: Goedere wat in die land ingebring word

Uitvoere: Goedere wat uit die land gestuur word.



Wat is die voordele van internasionale handel?



- Ontslae raak van surplus goedere
- Optimale gebruik van natuurlike hulpbronne
- Toegang tot buitelandse valuta
- Groter verskeidenheid van goedere beskikbaar
- Beter kwaliteit van goedere
- Nouer bande tussen lande
- Groter uitruiling van tegniese kennis
- Ontwikkeling van Vervoer en kommunikasie
- Toename in salarisse
- Toename in werkseleenthede
- Kompetisie, beide plaaslik en internasionaal

Wat is die nadele van internasionale handel?



- Afhanklikheid van ontwikkelde lande
- Plaaslike produksie kan ly
- Plaaslike nywerhede oorskadu
- Ryk lande mag politieke sake in ander lande beïnvloed
- Mededinging onder lande

Kies 'n beskrywing in Kolom B wat pas by 'n term in Kolom A. Skryf slegs die letter (A-L) langs die vraagnommer (1-10), bv. 11.L.

Kolom A	Kolom B
1. Handel	A. Groepe lande met dieselfde markte of handelsooreenkomste
2. Invoer	B. Nywerheidskomplekse gemik op ekonomiese groei en nuwe beleggings
3. Desentralisasie	C. Koop en verkoop van goedere en dienste
4. Handelsblokke	D. Verskuiwing van aktiwiteite weg van oorgesentraliseerde gebiede
5. Nywerheidsontwikkelingsone	E. Kommoditeit wat in 'n land ingebring word
6. Informele sektor	F. Beweging van nywerhede in kerngebiede in
7. MEOL'e	G. Die manier waarop lande se aktiwiteite wêreldwyd onderling verbonde is
8. Multinasionale korporasie	H. Lande wat swakker ontwikkel in die wêreld is
9. SEOL'e	I. Die handel wat ongelisensieerde besighede behels en wat onwettig persele betrek
10. Globalisering	J. Maatskappy wat oor fabriek, kantore of winkels in verskillende lande beskik
	K. Lande wat meer ontwikkel is as ander
	L. Waarde toegevoeg tot grondstowwe

Antwoorde

1. C ✓✓
2. E ✓✓
3. D ✓✓
4. A ✓✓
5. B ✓✓
6. I ✓✓
7. K ✓✓
8. J ✓✓
9. H ✓✓
10. G ✓✓

WENK:



Jy moet kan:

- Definieer die begrippe tersiëre sektor, internasionale handel, invoere en uitvoere
- Bepaal en Beskryf vanaf grafieke wat die bydrae van die sektor is tot die BBP
- Meld/Noem wat die rol/bydrae/belangrikheid van tersiëre sektor is
- Meld/Noem wat die rol/bydrae/belangrikheid van vervoer is
- Beskryf wat die impak (voordele & nadele) van internasionale handel is

HOE VERBETER?

- Voorsien gebied vir informele handel
- Verskaf stalletjies
- Toegang tot banklenings
- Reguleer die sektor
- Vennootskappe tussen die privaatsektor en informele handelaars
- Verbeter vaardighede deur leerprogramme
- Verskaf stoorfasiliteite

DEFINISIE

- Mense werk nie in die formele sektor nie
- Smouse, parkeerwagte, tydelike arbeiders
- Nie geregistreer. Betaal nie belasting nie



INFORMELE SEKTOR

KENMERKE

- Werkers werk vir hulleself
- Tydelike arbeid
- Semi- en ongeskoolde werkers
- Min kapitale belegging
- In ontwikkelende lande
- Geen werksekuriteit
- Geen bydrae tot die BBP

PROBLEME/UITDAGINGS

- Geïntimideer deur plaaslike owerhede
- Gee toegang tot behoorlike handelsfasiliteite
- Blootgestel aan die weer
- Kry geen lenings van banke nie
- Onbetroubare inkomste
- Het nie vaardighede en opleiding vir die formele ekonomie nie

BELANGRIKHEID

- Verskaf inkomste
- Werkloosheid neem af
- Laer pryse vir goedere
- Mense ontwikkel entrepreneur-vaardighede
- Afname in misdaad

REDES VIR GROEI

- Verloor werk in formele sektor
- Meganisasie op plase en in nywerhede.
- Geen formele kwalifikasies
- Immigrante kan nie wettige werk kry nie

WENK:



Jy moet kan:





- Definieer die begrip informele sektor
- Beskryf die kenmerke/eienskappe
- Meld/Noem wat die redes is waarom so baie mense in die informele sektor werk
- Meld/Noem die belangrikheid
- Beskryf watter probleme/uitdagings ervaar informele handelaars
- Voorstel watter strategieë ingestel kan word om die informele sektor te verbeter



Moenie die terme 'informele sektor' en 'informele nedersetting' met mekaar verwar nie. **Informele sektor** is die ekonomiese term vir mense wat nie werksaam is in die formele sektor nie. **Informele nedersetting** verwys na 'plakkerskampe' waar mense leef.

Vraag 3 Kaartwerk

Jy moet instaat wees om hierdie kaartvaardighede te doen om Vraag 3 te beantwoord



- Kontoere
- Trig. Bakens
- Hoogtepunte
- Hoogtemerke

33° 22' 18" S
18° 34' 42" O

A	B	A	B
A	D	B	D
A	B	A	B
C	D	D	D

Berekeninge

AFSTAND

$$\frac{\text{Kaartafstand} \times \text{Skaal}}{100\,000}$$

1

Antwoord in km

AREA

$$L \times b$$

2

Antwoord in km²

GRADIËNT

$$\frac{VI \text{ (Hoogte)}}{HE \text{ (Afstand)}}$$

3

Geen eenhede(1:23)

6

VERTIKALE OORDRYWING

$$\frac{\text{Vertikale skaal}}{\text{Horisontale skaal}}$$

Antwoord = X Keer

MAGNETIESE PEILING

Magnetiese deklinasie

5

+

Peiling

4

MAGNETIESE DEKLINASIE

Mag N Ware N



BEREKENING WENKE:

Maak seker jy:

- Ken die formule
- Skryf die formule neer
- Meet in die korrekte eenheid soos geleer
- Toon alle stappe in jou berekening
- Toon die maateenhede in jou finale antwoorde vir afstand, area en magnetiese peiling
- Toon Keer (X) in jou finale antwoord vir vertikale vergroting bv. 20 keer
- Toon slegs ° & ` in jou finale antwoord vir magnetiese peiling
- Toon ° & ` en wes van ware noord in jou finale antwoord vir magnetiese deklinasie

Maak seker dat jy al die berekeninge kan doen wat nie in VRAESTEL 1 getoets was nie

WENK:



Jy moet die volgende kan identifiseer en die inhoud kan toepas op die kaart.


- Ekonomiese sektore en voorbeelde
- Faktore wat landbou bevoordeel/bevorder
- Negatiewe uitwerkings van mynbou op die omgewing
- Soorte nywerhede bv. Grondstof georiënteerd
- Faktore wat ligging van nywerhede bevorder bv. water
- Negatiewe uitwerking van nywerhede op die omgewing

Jy moet die volgende kan identifiseer en die inhoud kan toepas op die kaart.

- Standplaas en ligging van nedersettings
- Tipe nedersettings bv. landelik
- Patroon van nedersettings bv. kern
- Vorm van nedersettings bv. linieêr
- Tipe stedelike nedersettings bv. Sentraleplek
- Grondgebruiksones en voorbeelde
- Straatpatrone bv. radiaal of onreëlmatig

Kaartinterpretasie

Kry 'n geestelike beeld van die kaart
RDINE





- 1 Ken die GIS definisie
- 2 Ken alle konsepte en terme.

Geografiese Inligtingstelsels

Begin met die definisie en werk stelselmatig na regs en na onder

DEFINISIE: 'n Rekenaarstelsel van hardware, sagteware en metodes, wat ruimtelike data (geoverwysde data) saam met nie-ruimtelike data (attribuutdata) vaslê, bestuur, manipuleer, analiseer, modelleer en vertoon om komplekse beplanning- en bestuursprobleme op te los.

Komponente ①	hardware, sagteware, data, mense en metodes	Rekenaar en GIS program, skerm, sleutelbord, muis, drukker, skandeerder en versyfertafel	Vir vaslegging, invoer, bestuur en vertoon van data	<ul style="list-style-type: none"> • <i>Vaslegging:</i> sleutelbord, versyfering, skandering • <i>Invoer:</i> digitale produkte • <i>Bestuur:</i> akkuraatheid en integriteit, datadeling, data-standaardisering en datasekerheid
Data ②	Databronne <ul style="list-style-type: none"> • Topografiese kaarte • Satellietbeelde • Lugfotos • Veldwerk • Administratiewe rekords 	 <p>Afstandswaarneming</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Die verkryging van informasie oor die aardoppervlak • met sensors op platforms soos weerballonne, vliegtuie of satelliete • deur die energie wat die aarde reflekteer of uitstraal te gebruik <i>sonder om in fisiese kontak met die voorwerp te wees</i> 	Resolusie verwys na die vermoë van die sensor om 'n skerp en duidelike beeld te skep
	Data tipes ruimtelike data (ruimtelik-gekoppelde data/geo-verwysde data)			Alle geografiese voorwerpe op die aardoppervlak <i>Op kaarte:</i> punt, lyn oppervlak (PLO) <i>In GIS:</i> nodus, vektor, poligoon (NVP)
	nie-ruimtelike data (attribuutdata)	Eienskappe, kenmerke, beskrywing van die ruimtelike (geografiese) voorwerpe	In tabelformaat: kwalitatief en kwantatief	Hoë resolusie <ul style="list-style-type: none"> • Klein pixels • Baie pixels • Duidelike beeld Lae resolusie <ul style="list-style-type: none"> • Groot pixels • Min pixels • Onduidelike beeld
Funksies ③	vaslê, bestuur, manipuleer, analiseer (ontleed), modelleer en vertoon	<i>Manipulasie (verander/aanpas)</i>	<ul style="list-style-type: none"> • Integrasie⁽¹⁾ • Navraag⁽²⁾ • Buffers⁽³⁾ 	<ul style="list-style-type: none"> • ⁽¹⁾ Samevoeging van twee of meer data's om nuwe data te skep • ⁽²⁾ Oplossing van 'n geografiese vraag • ⁽³⁾ 'n Sone om 'n geografiese voorwerp op 'n vasgestelde afstand te trek om "iets uit te hou of binne te hou". 
Mens ④	• GIS tegnisi	Data-invoerders, data-verwerkers, GIS programmeerders en GIS bestuurders	• Vaslegging, invoer en bestuur	Daarom is datasekureit, datadeling en datastandaardisering baie belangrik.
	• GIS gebruikers	Alle gebruikers van ruimtelike produkte	<ul style="list-style-type: none"> • Kaarte, ortofotos, lugfotos en satellietbeelde • Attribuut ontleding en statistieke 	Organisasies soos bv: munisipaliteite, natuurbewaring, staatsdepartemente, ontwikkelaars, weermag, polisie, myne ens
Hoofdoel ⑤	om komplekse beplanning- en bestuursprobleme op te los	Antwoorde te verskaf van geografiese vrae	Wie, wat, waar, wanneer, waarom, hoe, hoekom, hoeveel	© J.A. Jacobs www.cartografix.co.za andre@cartografix.co.za

GIS WENK:

- Maak seker jy ken al jou GIS konsepte wat nie in Vraestel 1 getoets was nie.
- Maak seker jy kan sommige van die GIS konsepte op die kaart toepas bv. buffers.